# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 239 · 25 JUNIE 2021**


Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## DRAMA

Die FRUK-lede het almal aan die KKNK se virtuele dramawebkompetisie deelgeneem. Dit was met 'n gesweet en gekners van tande wat almal teen 31 Mei gereed moes wees - die gogga het gesorg dat 'n paar nog moes isoleer ook!

Nóg groter was die gekners met die neem van die opnames en die wegstuur. Dit is egter met groot trots dat ons verneem dat Cara-Mari Botha deurgedring het na die finaal.

Die finaal word aanlyn aangebied en regstreeks uitgesaai. Cara-Mari kom tussen 15:00 - 17:00 Saterdag, 3 Julie aan die beurt. Ons sal die skakel op die Framesby Facebookblad sit. Ons sal teen volgende week al die uitslae hê en sal dan verder spog!



## GELUK TIAAN PEENS!

Baie geluk aan Tiaan Peens wat in die Nelson Mandela Bay Duathlon Team opgeneem is.

Tiaan gaan aan die South African Duathlon Championships op 26 Junie by Pollok Beach deelneem. Hy gaan Nelson Mandela Baai in die Super Sprint (14 - 15 ouderdomsgroep) verteenwoordig. Ons wens Tiaan alle sterkte toe!




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE | Centre Managment: 041 360 9442 | SUNRIDGE VILLAGE | Kragga Kamma Road, Sunridge Park | SUNRIDGE VILLAGE | GENERATED POWER 24/7

# TENNIS NUUS

Emil en Chrisstian Viljoen is uitgenooi om deel te neem aan 'n tennis oefenkamp te Potchefstroom vanaf 4 tot 10 Julie. Die oefenkamp word deur die Riaan Venter Tennis-akademie aangebied. Sterkte aan hierdie twee spelers.

Die afgelope naweek het Chrisstian Viljoen aan die EC Nelson Mandela Bay ProKennex Mini 3 toernooi deelgeneem. Hy wen die afdeling vir seuns 0/16. Baie geluk Chrisstian.
Ons is trots op jou.



# LANDLOOP UITSLAE

Die vierde landloopliga en OP-Landloopkampioenskappe het by die Fairview-sportterrein plaasgevind. Dit was 'n nuwe, plat roete vol nuwe uitdagings vir die atlete. Die dik gras waarop die atlete moes hardloop, het die deelnemers laat les opsê. Baie dankie aan die getroue deelnemers. Baie geluk aan al die atlete wat deur die loop van die seisoen hul persoonlike beste tye of hul posisies verbeter het.

UITSLAE: LIGA 4 (5 JUNIE 2021)
Die volgende atlete het onder die eerste 6 atlete in hul ouderdomsgroep geëindig:
Gerhard Venter (seuns o/17 - 6de), Wehan Smith (mans 0/23 - 4de in die 4km-wedloop), Tiaan Peens (seuns o/15 - 6de), Anel Strauss (dogters o/16 - 2de), Zanri Black (dogters o/16 - 3de), Elanca van Jaarsveld (dogters o/16 - 5de), Incke Conradie (dogters o/16 - 6de), Sune du Preez (dogters o/17 - 2de) en Alouise Vosloo (dogters o/14 - 5de).

UITSLAE: OP KAMPIOENSKAPPE (19 JUNIE 2021)
Die volgende atlete het onder die eerste 6 atlete in hul ouderdomsgroep geëindig:
Alouise Vosloo (dogters o/14 - 4de), Ilke Wolmarans (dogters o/14 - 6de), Anel Strauss (dogters o/16 - 2de), Zanri Black (dogters o/16 - 4de), Elanca van Jaarsveld (dogters o/16 - 5de), Incke Conradie (dogters o/16 - 6de), Sune du Preez (dogters o/17- 2de), Anke Scheffer (dogters o/17- 5de), Anabel Jonck (dogters o/17 - 6de) en Wehan Smith (mans 0/23 - 5de).









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY KAFETERIA MAAK BINNEKORT OOP!



## AUGUSTUS 2021







empact
GROUP

# FRAMESBY KLEREWINKEL

## DAAGLIKS OOP

**VAN 08:00 - 10:00**

**PUMA**
**"HOODIE"**
**R700**









# Hoërskool Framesby

# DIE PLEK OM TE WEES!






## BUSDIENS

### VANAF 2022

Private en veilige busdiens, Maandae tot Vrydae vanaf Uitenhage/Despatch na Hoërskool Framesby. Die bus vertrek soggens en laai die leerders na sport- en kultuuroefeninge af.
Vanaf R1 600 tot R2 000 p.m.

## NUWE VAKKE

### OP DIE HORISON

Die afgelope tien jaar spog Framesby met 'n slaagsyfer van 98,9%. In 2020 spog die skool met 'n 99%-slaagsyfer, 95% van die matriekgroep kan verder aan 'n tersiêre instelling gaan studeer waarvan 83% graadstudies kan volg en 12% kwalifiseer vir diplomastudies. Ons top student spog met 'n gemiddeld van 92,3% en sewe onderskeidings. Sy is ook aangewys as die derde beste leerder in die Port Elizabeth-distrik en het 'n volle beurs vir die duur van haar studies by die premierskantoor ontvang. Die volgende vakke is op die horison: Landbou, Kodering, Robotika en Visuele Kuns.

VOLG ONS OP

**Vir verdere besonderhede kontak die hoof by 062 251 8966**

**041 360 1257 | skoolhoof@framesby.co.za | www.framesby.co.za**

# STUDENTESENTRUM VORDERING:





EINDPRODUK



# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: LINDIE STRYDOM (VAN EEDEN)





*Lindie Strydom (van Eeden)*

Motiveringspreker en skrywer, aanbieder en aktrise, Lindie Strydom (van Eeden) het haar loopbaan by Hoërskool Framesby in 1992 begin. Sy het letterlik nie een skooldag gemis tot sy uiteindelik as hoofdogter in 1996 gematrikuleer het nie!

Een van haar talle hoogtepunte is verseker haar vyf jaar lange betrokkenheid by FRUK (Framesby Raad vir Uitvoerende Kunste) onder leiding van juffrou Martlie Jordaan. “Alles wat ek vandag weet, het ek by juffrou Martlie geleer - van toneelspeel en regie tot redenaars. Sy het my gereeld aan die diepkant ingegooi met verskillende rolle, asof sy geweet het daardie uitdaging is presies wat ek nodig het. Sy het ook geweet van my droom om eendag in Egoli te speel en toe ek te skaam was om myself voor te stel aan een van die regisseurs wat by ‘n dramakompetisie in Pretoria was waaraan ons deelgeneem het, het sy my so van agter af gestoot tot ek langs hom gestaan het. ‘n Ontmoeting wat uiteindelik gelei het tot ‘n 12-jaar loopbaan in hierdie sepie!”.

Behalwe vir ‘n verskeidenheid van kultuuraktiwiteite, het Lindie ook in 1996 Framesby se toekenning gewen as die mees veelsydige sportvrou. “Ek het bietjie spies gegooi en was trots op my plek in die eerste tennisspan, maar netbal en juffrou Lalla Schelbert het my verseker die meeste as mens gevorm. In my graad 9 jaar kon slegs ses van ons sewe spelers OP-proewe gaan speel. Ek was die enigste een wat nie gegaan het nie. ‘n Teleurstelling wat gemaak het dat ek net nog

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7


harder gewerk het en ‘n belangrike lewensles vir my pad vorentoe: ons storie stop nie by ons laagtepunte nie. Ek onthou hoe ek in die middae met my fiets skool toe gery het om doele te gaan oefen en ek het op die ou end in graad 10, 11 én 12 eerstespan gespeel en die o/19 OP-span in 1995 en 1996 verteenwoordig. Ek dink nie ek het al ooit weer in my lewe die kameradrie beleef wat ons span daardie jaar so sterk gemaak het nie.”

Lindie is duidelik sentimenteel oor haar hoërskool herinneringe en vertel van haar “BIG BRAG” (Framesby vs Andrew Rabie) toespraak waarop sy afgekom het. “Ek was kaptein van ons netbalspan en by die “BIG BRAG” stel jy jou spanlede voor op ‘n als behalwe ’n beskeie manier. Volgens tradisie het slegs die eerste rugbyspan van heel agter in die saal ingestap. Ons netbalspan was egter in daardie stadium onoorwonne na ons die topspan in die liga die vorige dag van die ‘baan gevee het’ (my woorde in my toespraak). Ons besluit toe om van die agterste kantdeur in te kom en tot heel voor te loop voor ek ewe windmakerig vertel het: ‘En glo my as ons dit met die top span in die liga kon doen, sit ons ‘n kriekettelling teen Rabie op!’”

Lindie het haar jaar as hoofdogter afgesluit met die woorde: “Mag julle my onthou as iemand wat lojaal was teenoor ‘n skool waarvoor ek my alles gegee het en as ‘n dromer, want ek het geweet ek ken ‘n God wat Hom in onmoontlikhede verlustig.”





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7
facebook

Framesby-leerling raak Egoli-ster:

# Karen van Egoli maak `n Baaise draai

*Corné Oosthuizen*

Kaal maag, handsak oor die skouer en selfoon in die hand het sy die Baaise aanhangers begroet. Ja, Karen van Egoli was in Port Elizabeth.

Lindie van Eeden (Karen Schoeman) is `n twintigjarige bondel energie. Sy is gebore in Oudshoorn op 16 Maart 1978. In `n eksklusiewe onderhoud het sy so gereageer:

"My Egoli droom was eintlik `n stil begeerte dat, voor ek die dag my kop neerlê, almal moet weet wie ek is. Die dag toe Stephan Edwards (Darryl Desmarais) sy verskyning maak, het ek geweet die outjie het `n meisie nodig en dit is hoe die Egoli droom in my posgevat het."

"Ek wou graag in Egoli speel as gevolg van my liefde vir toneelspel. Ek was bang om drama te gaan studeer en dus was dit beter om my visier te stel op 'n rol in Egoli. Ek het elke aand gekyk: ek was 'n Egoli-fanatikus."

**Droom begin vorm aanneem**

"My droom het begin vorm aanneem by die DALRO Nasionale toneelkompetisie in Pretoria waar ek meneer Henry Mylne, regisseur van Egoli, raakgeloop het. Ek het besluit dat, indien ek `n rol in Egoli wil hê, ek myself sal moet gaan voorstel. Ek het hom tromp-op geloop en myself aan hom voorgestel. Hy het gesê ek is te jonk. Later dieselfde jaar (my st.9 jaar) het ek hom weer raakgeloop by die ATKV-toneelkompetisie, waar ek weer gevra het vir `n rolletjie. Hy het gesê dat ek my CV moet stuur en ek het. Dit was seker die dikste CV wat hy nog ooit gesien het! Ek het verder niks van hom gehoor nie en was heel mismoedig."

**Droom word verwesenlik**

"Op 13 Januarie 1997 lui die telefoon en hulle versoek my om vir `n oudisie te kom. Ons was ses kandidate vir die rol en ek het nie my hart daarop gesit nie. Toe hulle my later meedeel dat ek die rol gekry het, was wat ek gesê en gedoen het twee verskillende dinge.

Die toneelstreep loop glad nie in die familie nie. My ma het al baie gesê sy wonder of ek nie die melkman se kind is nie. Ek doen reeds toneel sedert st.5. Ek het aktief begin in st.6 toe ek by FRUK, toneelgroep van Hoërskool Framesby, aangesluit het. My toneelloopbaan het daar begin weens al die blootstelling.

Dit is moeilik om te sê na hoeveel episodes iemand my op straat as Karen herken het. In Johannesburg is die mense meer subtiel as in ander dele van die land. Dit was `n lekker gevoel toe iemand my vir die eerste keer herken het. Ek was opgewonde weens die feit dat ander opgewonde is oor iets waaroor ek nog altyd opgewonde was!



Lindie in die musiekblyspel Grease waarin sy die rol van Rizzo vertolk het wat deur FRUK op die planke gebring is tydens haar matriekjaar.



Lindie van Eeden, gewese Framesby leerling, nou Egoli-ster.

## Sy is 'n selfversekerde bondel energie wat haar voete plat op die aarde hou.

Ek is mal oor die polsende ritme van Gauteng en sal nooit weer op `n ander plek kan woon nie.

Die lang ure put my glad nie uit nie. Daar is geen vaste roetine in ons werk nie. Sommige dae maak jy al drie-uur klaar en ander dae eers nege-uur. Ek geniet dit verskriklik. Ons afdae hang af van jou storielyn.

Die skuif van matriekmeisie na Egoli-ster het my lewe ingrypend verander. Ek moes my eie begroting opstel en ek moes inkomstebelasting betaal, want ek verdien my eie salaris. Ek moes feitlik oornag volwasse raak. Ek werk met mense baie ouer as ek en ek het `n verantwoordelikheid, want die jong kinders kyk op na Karen.

Ek hou daarvan om bekend te wees omdat ek `n positiewe karakter speel wat jong kinders aantrek en, gelukkig vir my, nie `n Kimberley nie.

Ek hou daarvan om na rustige musiek te luister soos Micheal learns to rock en Celine Dion. My slegste eienskap is besluiteloosheid en my beste eienskap gemotiveerdheid en doelgerigdheid," het Van Eeden gesê.

Van Eeden se gunsteling kleur is blou/pers en sy studeer tans bemarkingsbestuur deur UNISA.

In haar vrye tyd beantwoord sy meestal bewonderaars se briewe, maar as sy die keer sosiaal verkeer, gaan sy gewoonlik na Catz in Meliville waar haar gunsteling drankie Bernini is. Sy is versot op haar pa se braaivleis en sy eet graag Italiaanse kos. Sy bestuur `n VW Chico en woon in Constantiakloof, Roodepoort.

"Ja, daar is `n man in my lewe. Coen is 'n kommoditeite makelaar. Ons het mekaar ontmoet op `n 'double date' en besluit ons is nie geïnteresseerd in ons metgeselle nie, maar in mekaar."

Lindie se leuse vir die tieners: "Glo in jouself, want as jy nie, sal niemand anders nie. 'The world belongs to those who do and dare' en 'It's not what lies before you or behind you but what lies within you'."

# REËNIES 2021

Op die stadium word daar geen funksies a.g.v. Covid op ons skoolterrein gehou nie. Ons sal reünie-groepe egter op hoogte hou indien reëlings verander.

Ons vra intussen vir die volgende jaargroepe (1971,1981,1991, 2001 en 2011) om foto's en stories aan mnr. Rauch by wrauch@framesby.co.za te stuur.

Mnr. Rauch beoog om weer 'n gedenkblad vir die jare se reünie-groepe saam te stel. Ons vra ook dat die hoofleiers van elke jaargroep met hom sal kontak maak.



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOON NOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik. Die rede hoekom ons u ID nommer benodig is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE ARGIEWE:

## ONS SKOONHEDE EN DIE PRINSE






*Liesel Coetzee, Mej. Framesby, met (van links na regs) Vanessa Vermaak, Eugene Hugo, Theo Kruger (Mnr. Framesby), Duan Kapp en Elke van der Touw*

- Theo en Liesel beskryf albei die GROOT AAND as "verrassend" en "onbeskryflik".
- Dinge wat hulle irriteer: mense wat sukkel om hulself te wees.
- Theo se hart word bly as hy Claudette sien en Liesel s'n as mense vir baar omgee.
- Liesel se gunsteling-dinge is: "Pierre (my liefie), Stoffel (my hasie), lasagne (my magie) en my maatjies."
  Volgens Theo is syne Claudette (weereens) en sy hond.
- Wat dink hulle van die skool se nuwe (verf)kleure? Dit laat Liesel soos 'n "kinners" voel en Theo dink dit lyk mooi, jy moet net daaraan gewoond raak.














SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7
facebook


# UIT DIE ARGIEWE:



















## In volle glorie
## DIE KRIEKET EERSTESPAN



**Agter v.l.n.r.:** J. Nel, J.P. Joubert, L. Gerber, D. Boshoff, W. Goede, E. Randall
**Voor v.l.n.r.:** J. Louw, J. Bence, M. Meiring, K. Landman, W. Hendricks, T. Venter

Soprano*ice*

Pretty.Cool.

Alma Lasers™




# Virtually painless laser hair removal

Proven safety record

All skin colors

Tanned skin

Ask your OptiSkin practitioner today about Soprano ICE laser hair removal treatment.

www.painfreehairfree.com

OptiSkin

*aesthetic skin and laser*

Shop 53 | Sunridge Village Shopping Centre | Kragga Kamma Rd | Sunridge Park

Tel: 060 682 9924 | www.optiskin.co.za

@ SUNRIDGE VILLAGE